Herstellende Hakkelaar

Ek is Chris Meintjies, 'n herstellende hakkelaar.
Ek het alreeds begin hakkel terwyl ek nog op kleuterskool was en moes sedertdien daarmee saamleef.
Op skool en universiteit het die gehakkel my nie te veel geaffekteer nie. Ek kon dit verberg deur plaasvervangende woorde te gebruik. Meeste van die onderwysers en dosente was bewus van my gestremdheid, wat my lewe baie makliker gemaak het.

In die volwasse wêreld egter, het die storie verander. Eensklaps was ek sonder my ondersteuningsstelsel. Dit het gevoel asof ek vir die wolwe gegooi is, en ek moes self sien kom klaar. Ek het gou geleer dat diegene wat vir hulself sorg en opstaan vir hul regte, vooruitgang ervaar in 'n baie kompeterende wêreld.
Die stil en sagmoedige ou word eenkant in die hoekie van die kantoor ingedruk, weg van 'n venster, waar hy vir die res van sy lewe agter 'n rekenaar sit en ander mense se administrasie uitsorteer. Moet my nie verkeerd verstaan nie, baie mense geniet hierdie tipe werk, maar ek was nie te vinde hiervoor nie. Ek was op soek na meer interaksie met ander mense, en my hakkelry sou die direkte rede wees waarom ek myself in daardie donker kantoor bevind.

Ek het nog nooit, voordat ek by die McGuire Program betrokke geraak het, 'n toespraak in die openbaar gelewer nie, of selfs 'n voorlegging gedoen nie. Ek het in vergaderings slegs gepraat wanneer ek geen keuse gehad het nie.
Ek is 'n geoktrooieerde rekenmeester, maar my gebrek aan deelname, soos hierbo genoem, het veroorsaak dat my ewekniëe baie vinniger opgang gemaak het as ek. Ek moes net eenvoudig iets daaromtrent doen!

Ofskoon ek 'n verskeidenheid spraakterapie behandelings ontvang het, het 'n kombinasie faktore verhoed dat ek daardie beheer kon verkry wat ek so broodnodig gehad het. Gedurende 2003 het 'n vriend die McGuire Program aan my voorgestel. Wat my bekoor het, was die feit dat almal wat by die program betrokke was, ook herstellende hakkelaars was, wat met dieselfde uitdagings te kampe gehad het as ek en voorts dat daar sterk opvolg-ondersteuning was na die eerste kursus.

My eerste McGuire kursus het ek in 2003 in Coventry, Engeland bygewoon en dit het my lewe totaal verander. Aanvanklik was die vordering maar bra stadig, maar oor 'n tydperk van 'n jaar het ek algaande beheer oor my spraak gekry en ek het ook meer selfvertroue ontwikkel.

Teen Augustus 2004 het ek al verskeie openbare toesprake gelewer, voor gehore van honderde mense. Ek het ook aangesluit by 'n openbare spreker-sklub, om my spraak verder te verbeter, en het vergaderings by my kantoor byeengeroep, waartydens ek menings vrylik oorgedra het. Ek het selfs my eie McGuire-kursus in Wigan, Engeland aangebied, ten einde andere te help om ook hulle spraakgebrek te bowe te kom

Ek was so beïndruk met die resultate, dat die gedagte by my posgevat het om die kursus na Suid Afrika te bring. Ek weet van baie hakkelaars in Suid Afrika wat net so desperaat is as wat ek was, maar finansieël nie in 'n posisie is om die kursus in Engeland te kan bywoon nie. Gedurende Desember 2004 is ek terug Suid-Afrika toe, die land waarvoor ek so lief is, en begin om die kursus in plek te kry. In April 2005 word die eerste McGuire Program (Suid-Afrika) in Kaapstad geloots. Ek bly betrokke by die Program, hoofsaaklik om andere te help, maar ek hou terselfdertyd vol om my spraak te verbeter.

Ek sal waarskynlik vir die res van my lewe bly stoei met die hakkelry, maar die meeste mense wie ek ontmoet is nie eens bewus daarvan nie.

hakkelkurus

wholeness sentrum
t: 011 215 7200
f: 011 215 7225

kontakpersoon
baretta nel
barettan@mosaiek.com
011 215 7202

mosaiek™

wholeness

Hakkelkursus

... the hand of God had been on me and restored my speech. Ezekiel 33:22 Msg / Be gracious in your speech. The goal is to bring out the best in others in a conversation, not put them down, not cut them out. Colossians 4:6 Msg

Drie dae intensiewe kursus – skedule.

Die herstelproses is die begin van 'n reis wat jou in staat sal stel om 'n welsprekende spreker te word met selfvertroue. Vir sommige mag dit 'n lang pad wees, maar moenie daardeur ontmoedig word nie. Die kursus is so ontwerp om elkeen se behoeftes te akkommodeer. Ons siening is dat die rede vir hakkelry nie is as gevolg van jou vrees om te praat nie, maar jou vrees om te hakkel. Gevolglik hanteer ons beide die fisiese sowel as die psigologiese aspekte van hakkelry.

Dag 1:

Tydens die oggendsessie word daar intensief gefokus op die fisiese aspek, asemhaling en die gebruik van jou ribbes en mantelvlies. Hierdie gestruktureerde sessies word op 'n een-tot-een basis aangebied, waartydens ons spraak oefen met tegnieke om jou vrees te verminder, sowel as om vermyding aan bande te lê.

Dag 2:

Selfs op hierdie vroeë stadium van die kursus sal jy alreeds redelik vry voel van jou vrees vir hakkelry. Jou selfvertroue en eiewaarde sal by die uur groei. Ons leer jou om selfhandhawend te wees, nie net wat jou spraak betref nie maar ook in ander areas van jou lewe. Jy sal begryp hoekom jy sekere tye meer hakkel as ander tye; hoekom jy die een minuut vlot praat en die volgende minuut val jy uitmekaar.
Die psigologiese meganismes (ontkenning, intellektualisering, eksternalise-ring) wat veroorsaak dat jy weer terugval in ontwyking en kultoertjies word aangespreek.

Dag 3 :

Die laaste dag van die kursus word gewy aan hersiening en voorbereiding vir jou om huiswaarts te keer. Jou nuutgevonde kennis word vandag op 'n praktiese wyse aan almal gewys. Jy word ook voorberei op sommige komplikasies wat in die regte wêreld op jou wag en ook op toekomstige terugval in die ou weë.

Vriende en familie is welkom om die finale deel van die afsluiting by te woon vir jou afsluitingstoespraak. Hierdie sessie is baie waardevol vir beide die student en sy familie.

W A A R ?

Wholeness-sentrum
Mosaïek

W A N N E E R ?

Vrydag,
26 Februarie 2010
tot
Sondag,
28 Februarie 2010

T Y D

08:00 tot 17:00

K O S T E

R2300 per persoon
Koste sluit die volgende in:

'n Drie-dag intensiewe kursus
Persoonlike afrigter
'n Ses-week opvolg werkboek
Lewenslange opvolg en ondersteuning
Kursus handleiding "Beyond Stuttering"
Toegang tot ondersteuningsgroep in jou area
(Ondersteuningsgroepe kan egter slegs gehou word in areas waar daar genoeg gegradueerdes is)
Verfrissingskursusse
Telefoniese ondersteuning
Aan-lyn ondersteuning
Opleidingsgeleenthede
Alle etes
Verblyf vir Vrydagaand en Saterdagaand

Die kursus is slegs vir persone 18 jaar en ouer.

hakkelkurus

wholeness

Hakkel kursus

Vrydag , 26 Februarie 2010 tot Sondag, 28 Februarie 2010

REGISTRASIEVORM

Voltooi asseblief en faks na 086 681 8614 of e-pos na barettan@mosaiek.com

Gebruik drukskrif asseblief

Naam en van

Faksnommer

Werktelefoonnommer

Selfoonnommer

Huistelefoonnommer

E-posadres

Metode van Betaling

Kontant

Tjek

Elektroniese oordrag van fondse

Tjeks kan aan 'Mosaïek' uitgemaak word.

Elektronies oordrag van fondse. Faks jou **bewyse van betaling** na *086 681 8614* / e-pos *barettan@mosaiek.com.*

Bank besonderhede
Mosaïek, ABSA Cresta, Takkode: 516805, Rekeningnommer: 01009131686
Verwysing : Hakkelkursus en jou naam en van

Deposito R

Uitstaande bedrag R

Totale bedrag betaal: R